*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 23 Augustus 2026**
**Bybelsondag**

## Wat jy het, is genoeg: die beloftes van Jesus – hou net dááraan vas!

*"Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Tiatira:*
*'Dit sê die Seun van God,*
*wat oë het soos 'n vlammende vuur, en voete soos gloeiende koper,*
*'Ek ken jou dade en liefde en geloof en volharding, en weet dat jou latere dade die eerstes oortref. Maar Ek hou dít teen jou, dat jy die vrou Isébel net laat begaan...*
*Laat al die gemeentes daarvan kennis neem dat dit Ek is wat niere en harte deurgrond... Ek lê nie op julle 'n ander las nie, behalwe net om vas te hou aan wat julle het, totdat Ek kom.*
*Aan wie oorwin en vashou aan wat Ek sê, sal Ek mag gee... Soos Ek dit van my Vader ontvang het, sal Ek aan hom oor die môrester gee.*
*Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê."*
(Openbaring 2:18-20, 23-26 en 28-29)

Ongeveer sewentig jaar ná Jesus se aardse omwandeling – die Goeie Herder met sy staf tussen sy skape – kom daar ook 'n brief van die eiland Patmos af in die kleinerige handelstad Tiatira aan. Tiatira was bekend vir haar bloeiende handelsbelange, met gildes (vakbonde) vir tekstielwerkers, skoenmakers, pottebakkers en kopersmede – as jy dáár ín was, het jy dit gemaak; was jy op die pad van sukses, voorspoed en welvaart (en natuurlik 'n voorste genooide na die feeste). Dit was 'n dodelike gifmengsel van geld en godsdiens, want elke gilde het 'n eie godheid en kultus gehad, met vereistes waaraan jy moes voldoen. In Tiatira was daar byvoorbeeld tempels vir Apollo, beskermgod vir die keiser, wat sélf as "seun van god" vereer is (en moes word). Plus, daar was 'n sterk Joodse gemeenskap in Tiatira. Bekend én veelseggend dan dié beskrywing van Wie die Outeur van hierdie brief is: *"Seun van God die Vader"* (2:18, 28); *"oë soos vlammende vuur, voete soos gloeiende koper"* (2:18, ook 1:14-15); draer van die *"ysterstaf"* wat nasies *"soos kleipotte stukkend slaan"* (2:27) – beelde uit die Joodse Skrifte (Daniël 10:6). Dit wou diegene wat hul skuldig maak aan die donker praktyke van Tiatira, wakkerskud: *"Ek het jou tyd gegun om tot bekering te kom..."* (2:21); daar is teëspoed, siekte, verdrukking en die dood op pad!

Maar vir die gemeente in die stad, wat blykbaar óók 'n opwaartse kurwe van groei beleef het (2:19)? Nét dít: Wees bewus dat Jesus ons gedagtes en verlangens ken; *"hou (daarom) vas aan wat julle het"* – naamlik, die waarheid en belofte van Sy woorde (2:25-26); dít is genoeg. En, dat húlle dan soos "herders" sal word, en gelei deur die Môrester se lig. Hou net vas...

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; en in die saal deur ds. Janke Hurter en dr. Matildie Wium. Welkom aan alle besoekers, in besonder reüniegangers en personeel van Hoërskool Sentraal, asook hulle koor *Juvenes Cantates* – indien u 'n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.
Hartlik welkom ook aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Verwelkoming...**

**Oomblik vir bewuswording en stilgebed**

**Wydingslied:** “Wees nie bevrees nie” (Koor: Sentraal)

**Votum en Seëngroet** (uit Openbaring 1:4-8 en 5:13)

**Lofprysing:** “Gloria!” (Koor: Sentraal)
“Sing juigend, sing ‘n nuwe loflied” (Psalm 33:1, 5 en 7)

**Gebed en gebedslied:** “Gees van God wat in my woon” (Lied 442:1)

**Skriflesing:** Openbaring 1:9-11 en 14-15
Openbaring 2:18-29

**Gebedslied:** “Gees van God wat lewend maak” (Lied 442:2)

**Woordbediening**

**Moment vir stilgebed, verootmoediging en toewyding**

**Gebedslied:** “Heilig, heilig, heilig” (Juvenes Cantantes)

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Danklied:** “Hoe heerlik is die Jesus-naam!” (Lied 264:1, 2 en 4)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Oproep tot aanbidding:** “Sing Alleluia” (Koor: Sentraal)

**Aansteek van die Vierde Kandelaarkers om die boodskap aan Tiatira te onthou...**

**Slotlied:** “Dié met helder witte klere” (Lied 597:1, 2 en 5)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

### Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 23 Aug | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Johan Marais: Pastorale Gesprek & Kerkraadsvergadering |
| Sondag, 30 Aug | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Jan Lubbe (*Sardis*)<br>18:00 – Getuienisbediening: *Die onverwagse oproep om te gaan staan waar Jesus staan – by die vreemdeling/vlugteling (3-5 Julie ’26)...* |
| Sondag, 6 Sept. | 09:30 – Ds. Janke Hurter; gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte, Woord en gebed* (Taizé). |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

23 Aug Chris de Lange.
24 Aug Winnie Barnard, Riana du Plessis, Anine Gray, Hein van Wyk en Matildie Wium.
25 Aug Annelie Bezuidenhout en Luan Smith.
27 Aug Sunita Keyser en Wollie Strydom.
28 Aug Danie Niebuhr en Michelle van Zyl.
29 Aug Trudie Roode en Rolien Wentzel.

Ons gebede klink op vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Ansie Barnard (Genl. Cronjéstr. 38, wyk 9a); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b); Tannie Marietjie Vermaak (Kiepersol 2, Wyk 16) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe; in besonder Tannie Grace de Goede (Serenitas 21, wyk 15) wie se suster baie ernstig siek is.

In ons gebede ook hulle wat treur oor die heengaan van 'n geliefde; verlede week die suster van Corrie Geldenhuys (C'est la Vie 5, wyk 16). Mag jul in die tyd van rou, nie alleen wees.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

### BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroepe – daar is nie hierdie week byeenkomste nie; beide ds. Jan Lubbe en ds. Janke Hurter is uitstedig (sien onder).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsvergadering:**
Die Kerkraad vergader vanaand; ons open met die aanddiens om 18:00. Sakelys en bylaes is elektronies na almal uitgestuur. Ons bid ook om wysheid en lig vir hierdie vergadering.

**Leraars: Predikante-SAAMkoms te Goudini:**
Di. Lubbe en Hurter woon hierdie week die groot Predikante-SAAMkoms van bykans 700 leraars van die NG Kerk landswyd, by die ATKV-oord te Goudini in die Wes-Kaap by. Ons bid hulle byeenkoms seën toe, en dat ook ons leraars verkwik en geïnspireerd sal terugkeer!

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Augustus** is dit die beurt van **Wyke 18** (Verre Noorde), **19** (Bayswater en ooswaarts) en **20** (Waverley) om te sorg vir ons gasvryheidsbeurte Vrydagaande met die ete by Anchor of

Hope-shelter, en Sondae met die koffie/tee in die binnehof ná die erediens – indien jy ook wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie!

## BEDIENINGE

### JEUGBEDIENING

**Oorgangsgesprek vir Graad 7's:**

Ons nooi alle Graad 7's en hul ouers na 'n "oorgangsgesprek" volgende Sondagoggend direk ná die Gesinsdiens in die saal, gelei deur 'n voorligtingsielkundige Anneke Franken; dit gaan oor die uitdagings en moontlikhede tipies aan die einde van Graad 7 en voorbereiding vir Hoërskool. Vriende en ander belangstellendes ook welkom!

### FEESPROGRAM 2026

Berg-en-Dal gedenk in September 2026 dankbaar ons sewentigste bestaansjaar (1956). Ons nooi almal nou reeds uit na die volgende feesgeleenthede:

- Woensdag, 9/9 — Spesiale Seniorbyeenkoms (09:30)
- Vrydag, 18/9 — Kermis vanaf 12:00; Kinderpartytjie 15:00; Padwedloop 18:00…
- Sondagoggend, 20/9 — Feesdiens, Doop en Lentelofprysing (09:30)
- Sondagaand, 20/9 — Orrelkonsert deur dr Johan Cromhout (18:00)
- Dinsdag, 22/9 — Oggendwyding en danksegging (07:00)

Ons nooi alle lidmate om op of rondom **22 September 70 minute** van dankbaarheid iewers in die gemeenskap of by die gemeente, as 'n vrywilliger van jou tyd, aandag, gawe en energie te kom/gaan gee – hier is solank 'n paar voorstelle: besoek iemand wat eensaam is, of oudgeword het (soos by Siësta, Serenicare, Noorderbloem of Santé); reik uit na personeel wat siekes versorg (kontak Hospice of Siësta); reik uit na die kinders by Gladstoneweg Jeugsorgsentrum; neem vir petroljoggies by Preller Motors 'n sappie; doen iets spesiaal vir 'n huishulp of tuinwerker; besoek Sunflower Hospice of Jean Webber Tehuis vir gestremde persone; besoek die DBV of "New Beginnings"; kom help met 'n gemeenteprojek of in die tuin by die kerk; knap ons verkeerseiland voor die kerk of 'n ander publieke ruimte rondom Prellerplein op…

**18 September: Berg-en-Daller 2026 Pentagon Pistols Padwedloop**

Aanlyn inskrywings is nou oop! https://www.entryninja.com/events/84353-berg-en-daller – sien advertensie vir meer inligting... En begin oefen – uit met daardie tekkies!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 23 Augustus: **SA Bybel-genootskap. Elke R 55 wat ons bydra, subsideer één Bybel vir 'n minderbevoorregte leser…** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**